higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

EKONOMIESE OMGEWING
NKR VLAK 3

6 Maart 2020

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 8 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1	1.1.1	C		
	1.1.2	A		
	1..1.3	A		
	1.1.4	D		
	1.1.5	A		
	1.1.6	B		
	1.1.7	D		
	1.1.8	D		
	1.1.9	C		
	1.1.10	C		
			(10 × 1)	(10)
1.2	1.2.1	Onwaar		
	1.2.2	Waar		
	1.2.3	Waar		
	1.2.4	Onwaar		
	1.2.5	Waar		
	1.2.6	Waar		
	1.2.7	Onwaar		
	1.2.8	Waar		
	1.2.9	Onwaar		
	1.2.10	Waar		
			(10 × 1)	(10)
1.3	1.3.1	Monopolie		
	1.3.2	Belegging		
	1.3.3	VPI		
	1.3.4	Huur		
	1.3.5	Missie		
			(5 × 1)	(5)
				[25]

VRAAG 2

2.1 Ekonomies aktiewe bevolking: Bestaan uit alle persone tussen die ouderdom van 15 en 64✓ wat arbeid voorsien vir die produksie van goedere en dienste.✓ (2)

2.2
- Fisiese omgewing
- Politieke omgewing
- Tegnologiese omgewing
- Ekonomiese omgewing
- Maatskaplike omgewing
- Regsomgewing (6)

2.3 2.3.1 Koste na landing: Is die totale uitgawes aangegaan om goedere by die plek van kleinhandelverkope te ontvang,✓ met insluiting van kleinhandelaankoopprys, vervoerkoste, belasting op toegevoegde waarde, aksynsbelasting en ander belastings.✓

2.3.2 Prystoeslag: Die bedrag wat die verkoper by die finale koste voeg;✓ dit verteenwoordig die verkoper se wins.✓
(2 × 2) (4)

2.4 $1 = R16,12
$75= (16,12 × 75)✓
= <u>R1 209</u>✓✓ (3)
[15]

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B

VRAAG 3

3.1 Gelyk breek verwys na die punt waar die onderneming nie wins of verlies maak nie; inkomste is presies gelyk aan die onderneming se koste. (2)

3.2
- Wet op Basiese Diensvoorwaardes
- Wet op Arbeidsverhoudinge
- Wet op Diensbillikheid/Gelyke Indiensneming ('Employment Equity Act')
- Wet op Vaardigheidsontwikkeling (4)

3.3
- Handels- en beleggingsversperrings verdwyn; dit is baie makliker om met ander lande handel te dryf.
- Ontwikkelings in vervoer en telekommunikasie; en dit is makliker en baie goedkoper om goedere te vervoer.
- Ekonomiese kultuur regoor die wêreld raak al hoe meer dieselfde.
- Nasionale ekonomieë smelt saam in 'n onderling afhanklike internasionale stelsel. (Enige 2 × 2) (4)

Kopiereg voorbehou

3.4 Gemengde ekonomiese stelsel: 'n Ekonomiese stelsel waarin sowel privaat ondernemings as openbare ondernemings (regeringsondernemings) naas mekaar bestaan.✓ Produksiefaktore word tussen die privaat en openbare sektor gedeel.✓ (2)

3.5
- Vryheid van keuse en eienaarskap:✓ Privaat eienaarskap van grond en ondernemings gee aan individue beheer oor die ekonomie✓
- Ekonomiese groei word bevorder:✓ Privaat eienaarskap; die staat bevorder en voorsien 'n goed ontwikkelde infrastruktuur en implementeer beleide wat die ontwikkeling van nywerhede en handel bevorder.✓
- Staat verbeter ekonomiese welsyn:✓ Die staat probeer om die lewenstandaard te verhoog, veral arm mense s'n, deur maatskaplike welsynstoelaes en onderwys en gesondheidsorg te voorsien.✓
- Beskerming van die omgewing: Die staat verorden wette om die omgewing te beskerm, besoedeling te verminder en die manier waarop hulpbronne gebruik word, te beheer. (Enige 3 × 2) (6)

3.6 3.6.1 Tegnologiese omgewing: Handel oor enigiets wat die vermoë om te werk, leer of met mekaar in wisselwerking te tree, verbeter; eksterne faktore in tegnologie wat sakebedrywighede beïnvloed.✓✓
Byvoorbeeld, rekenaars;✓ tegnologiese toerusting; satelliete; selfone (3)

3.6.2 Institusionele omgewing: Enige verandering in regering, hetsy plaaslik, op streeks- of op sentrale vlak, wat die funksionering van die hele ekonomie beïnvloed.✓✓
Byvoorbeeld, veranderinge sluit wette, regulasies en reëls in.✓ (3)

3.7
- Die bestuurder kan begin om kragopwekkers te vervaardig en verkoop
- Gasstowe
- Meer gebruik van wind- of sonkragenergie
- Meer gebruik van steenkool
- Gasverwarmers (Enige 4 × 1) (4)

3.8
- Lok beleggers van ander provinsies.
- Verhoog ekonomiese aktiwiteite.
- Toename in ekonomiese groei sal tot meer werksgeleenthede lei.
- Verminder verstedeliking en verhoog vraag na goedere en dienste. (4 × 2) (8)

3.9 3.9.1 R11,09 × 12,5/100 = R1,39✓
R1,39 + R11,09 = R12,48✓

3.9.2
- Ingevoerde goedere sal duurder wees in randterme.
- Toename in buitelandse reserwes van ander lande

(2 × 2) (4)
[40]

VRAAG 4

4.1 Lesetja Kganyago (1)

4.2
- Bankier en raadgewer/adviseur vir die regering:✓ Reserwebank dien as bankier, agent en raadgewer vir die regering, aangesien die staat die grootste ontvanger en besteder van geld is.✓
- Bestuur van die Suid-Afrikaanse geld- en bankstelsel:✓ Voorsiening van likiditeit aan banke. Dit het die eksklusiewe reg om banknote en munte in Suid-Afrika te maak, uit te reik en te vernietig.✓
- Formulering en implementering van monetêre beleid:✓ Reserwebank is verantwoordelik vir die formulering en implementering van monetêre beleid, en die beskerming van die waarde van die rand in die belang van gebalanseerde en volgehoue ekonomiese groei.✓
- Voorsiening van ekonomiese en statistiese dienste: die Reserwebank versamel, vertolk en publiseer ekonomiese statistiek en ander inligting wat deur beleidsmakers en navorsers gebruik word. (Enige 3 × 2) (6)

4.3 Inflasie: is die voortdurende styging in die algemene prysvlak van 'n verskeidenheid goedere en dienste in 'n ekonomie oor 'n tydperk. (2)

4.4
- Rentekoerse
- Werkloosheidskoers
- Brent ru-olie
- Goudprys
- Koringprys
- Wisselkoers
- Verbruikersprysindeks
- Tekort op lopende rekening (oorskot)
- Mielieprys (Enige 6 × 1) (6)

4.5 Wisselkoers beïnvloed koste na landing✓ wanneer 'n deel van die koste in buitelandse valuta betaal moet word, ✓ afhangende van die wisselkoers van daardie geldeenheid teenoor die rand.✓ (3)

4.6 Swak geldeenheid kan help dat die land se uitvoere markaandeel wen, ✓ aangesien ander lande meer by Suid-Afrika sal koop omdat dit vir hulle goedkoper sal wees.✓
Vind die addisionele mark omdat die land se goedere goedkoper word vergeleke met goedere wat in sterker geldeenhede geprys is ✓ en styging in verkoopsvolume, wat ekonomiese groei 'n hupstoot gee. ✓
Skep werksgeleenthede.
Verhoog wins vir maatskappye. (4)

4.7
- Verhoog die repo-koers.
- Verhoog minimum reserwevereiste.
- Verkoop staateffekte om likiditeit in die geldmark te absorbeer.
- Verhoog belasting.
- Verminder staatseffekte.
- Verminder geldvoorraad. (Enige 4 × 2) (8)

4.8

ENKELVOUDIGE RENTE	SAAMGESTELDE RENTE
Word bereken deur die oorspronklike bedrag te gebruik ✓ wat geleen is (hoofsom) om uit te werk hoeveel rente betaalbaar is.✓	Word gebaseer nie net op die oorspronklike bedrag geld wat geleen is nie ✓ (die hoofsom) maar ook op onbetaalde rente wat by die hoofsom gevoeg is.✓

(4)

4.9
- Verhoog die armoedevlak.
- Minder koopkrag.
- Styging in pryse van basiese voedsel
- Politieke onrus (Enige 3 × 2) (6)

[40]

VRAAG 5

5.1 Sekondêre sektor (2)

5.2 Sosiopolitieke omgewing (2)

5.3
- Verlies aan inkomste weens siektes
- Sluiting van informele ondernemings wat toebroodjies verkoop
- Hoër armoedesyfer
- Styging in werkloosheid
- Maatskaplike onrus
- Dood van broodwinners (Enige 4 × 2) (8)

5.4
- Groter werkloosheid weens sluiting van sommige van die maatskappye
- Hoër regeringsbesteding aan aanstelling van gesondheidsinspekteurs om geaffekteerde ondernemings gereeld te monitor
- Maatskaplike onrus deur geaffekteerde verbruikers
- Groter armoede in die hele ekonomie
- Verlies aan produksie in geaffekteerde ondernemings
- Laer ekonomiese groei, weens 'n laer BBP (Enige 4 × 2) (8)

5.5
- Die Departement van Arbeid kan groot boetes vir onwettige arbeidspraktyke hef.
- Ontwrigtende nywerheidsoptrede
- Regseise kan ook teen die onderneming ingestel word.
- Swak publisiteit kan die onderneming se handelsmerk negatief beïnvloed. (4)

5.6 5.6.1 Herontplooiing-strategie: Die bestuurder kan kies om die huidige hulpbronne van een produksielyn na 'n ander te herontplooi.✓✓ Byvoorbeeld, verander die fabrieksgebou na 'n kleinhandelwinkel wat voltooide verbruiksgoedere verkoop.✓ (3)

5.6.2 Gebeurlikheidstrategie: Die bestuurder kan verskeie opsies genereer.✓✓ Byvoorbeeld, kan besluit om in gasstowe te belê met die oog op kragonderbrekings.✓ (3)

5.7 Deposito: R10 000 × 10/100✓
= R1 000✓

Nog verskuldig: R10 000 – R1 000✓
= R9 000✓

Enkelvoudige rente: R9 000 × 20/100 × 3✓
R5 400✓

Totaal verskuldig: R5 400
+Saldo : 9 000
+Huurkoopfooi : 600
15 000✓
Maandeliks oor 36 maande: R15 000/36✓
= R416,70✓✓ (10)
[40]

VRAAG 6

6.1
- Basiese materiaal
- Olie en gas
- Nywerheidsgoedere
- Verbruiksgoedere
- Gesondheidsorg
- Verbruikersdienste
- Telekommunikasie
- Finansiële dienste
- Inligtingstegnologie (5)

6.2 Styging in die prys van Brent ru-olie ✓ sal lei tot 'n stygings in vervoerkoste van goedere en dienste ✓ asook s'n styging in produksiekoste.✓ Mense sien dat inflasie styg; hulle wil meer betaal word.✓ Vakbonde sal al hoe meer druk op werkgewers uitoefen om lone en salarisse te verhoog.✓ Indien daar nie aan die werkers se eise voldoen word nie, sal dit tot maatskaplike onrus lei.✓ (6)

6.3
- Deur werksgeleenthede te skep
- Verskaf geleenthede vir entrepreneurs om ondernemings te begin
- Moedig vaardigheidsontwikkeling en landelike ontwikkeling aan
- Ontwikkeling van infrastruktuur (4)

6.4
- Verhoog BBP, omdat toeriste geld aan goedere en dienste spandeer.
- Werknemers in die toerismebedryf spandeer hul inkomste aan plaaslike goedere.
- Die regering spandeer geld aan infrastruktuur om toerisme te bevorder.

(Enige 2 × 2) (4)

6.5 Produktiwiteit verwys na die vlak van produksie en werk in die onderneming, relatief tot die tyd wat dit neem. (2)

6.6
- Meer word geproduseer met minder arbeid in 'n korter tyd.
- Onderneming produseer meer goedere teen laer koste.
- Maak hoër wins. (Enige 2 × 2) (4)

6.7

VERANDERLIKE KOSTE	VASTE KOSTE
Koste wat verander in direkte verhouding tot die vlak van uitset; verteenwoordig betaling vir insette.✓ Byvoorbeeld brandstof, water en elektrisiteit, ens.✓	Ondernemingskoste wat nie direk met die vlak van produksie of uitset verband hou nie.✓ Byvoorbeeld huur, depresiasie, administrasiekoste, ens.✓

(4)

6.8 6.8.1 Euro (1)

6.8.2
Koste per CD: (700 × R45,00) R31 500,00✓
Verpakking: (700/70 × R7,50) 75,00✓
Verskeping: (700/400 × R450) 787,50✓
TOTALE KOSTE 32 362.50✓ (4)

6.8.3
R32 362,50/€15,45✓
= €2 094,66✓ (2)

6.8.4
R45,00 × 25/100✓
= R11,25✓
= R45,00 + R11,25✓
Verkoopprys = R56,25✓ (4)
[40]

TOTAAL AFDELING B: 160
GROOTTOTAAL: 200

Copyright reserved